# Vir die beginner. ‘Die gelykenisse van Jesus’.

*1 Saterdag, 17 November 2007 om 19:33*

## *Hoofstuk 1*

### MY kinders, EK wil nou vir sommige van julle die gelykenis van die saailand uitlê;

Die saailand is die wêreld, die bose saad is die mense wat niks van MY wil weet nie en hulle met duiwelsgoed besig hou. Die goeie saad is die kinders van die Lig wat hulle besighou met MY werke. Dit is wat julle weet en daaronder verstaan, dis ook reg, maar nou openbaar EK vir julle iets van julleself.
Jy is die land waarin EK goeie saad saai, en MY werke is die goeie vrugte wat almal sal kan sien. Die vrugte is ook die liefde wat jy deur jou handelinge bewys.
Die satan saai ook sy saad in jou ontvanklike hart, en daaruit kom twis, jaloesie, toornigheid en baie ander booshede. Nou dat EK julle dit gesê het, moet julle daarop let, en julle sal sien MY woorde is GEWIS.
Amen.

## *Hoofstuk 2*

*Sondag, 18 November 2007 om 19:41*

### MY kinders, nou is dit die gelykenis van die Goeie Herder;

EK IS die goeie Herder wat MY lewe afgelê het vir MY skape. EK het uit die Ligryk gekom en was vol van die GEES van die HERE. EK het in ‘n liggaam gekom net soos julle, as ‘n eenvoudige Herder wat SY skape liefhet.
MY liefde bestaan uit meer as wat julle dink. EK gee vir julle die boek; Maak en Breek, lees daarin van julle siele. Hier is ‘n kort verduideliking; Hoe dink julle, hoe en vir wat is julle geskep? EK het julle ewige tye gelede geskep uit MY liefde in MY liefde, en julle het MY verlaat en agter die ligdraer, wat toe vervul geword het van hoogmoed, aangeloop. Julle rebellie was teen die Heiligheid/Apartheid van GOD, en die toorn van die Geregtigheid het julle gegryp en opgebreek in stukke, so het julle in die dieptes van verskillende planete beland. Julle was in die hardste stowwe en julle lyding was vreeslik. Julle het julleself verdeemoedig en in sagter vorms oorgegaan en so het julle pyn verminder en julle sieledeeltjies het mekaar begin vind en begin verenig. Na die harde stowwe soos yster, allerhande metale en klip, het julle sieledeeltjies in die planteryk in vryer vorms oorgegaan, daarna na die diereryk. Julle het alles deurgegaan.
Toe al julle sieledeeltjies bymekaargekom het, is julle gebore as ‘n mensekind op aarde om MY Verlossing te kan smaak.
EK het gekom om julle, wat sover van MY, die Ewige Liefde, afgedwaal het, te kom versamel. Nou begryp julle ook MY liefde vir julle beter. EK het julle nooit verlaat in julle smart nie, EK het bly waak oor julle terugkeer. EK het julle dopgehou, en julle uit die nood gered toe julle reg was.
Nou kom ons by MY kruisoffer, baie gaan EK nie nou vertel nie, want julle is nie ryp genoeg daarvoor nie. Wag tot MY ander skryfkneg met MY boek oor Golgota klaar is. Wat EK nou aan julle gaan sê is; EK het die vreeslikste pyne deurgemaak, die pyne wat EK gemartel is vir julle rebellie teen MY Heiligheid. EK moes julle skulde delg en vir julle die deur word waardeur julle na die VADER toe kan gaan. Sien julle MY allesoorheersende liefde vir julle? EK het gekom om julle te versamel, en julle wat in MY glo, sal nooit verlore gaan nie.
Amen.

## *Hoofstuk 3*

*Sondag, 18 November 2007 om 20:03*

### Die gelykenis van die huis op die rots;

Vir julle word vertel dat die huis op die rots jou geloof is. Het julle al mooi daaroor gaan nadink? Julle is so maklik tevrede met die uitleg wat die wêreld van MY geskrifte gee.
EK gaan julle nou in dié waarheid inlei; EK is die liefde. Die liefde is ‘n rots wat bly staan, want liefde vergaan nooit, geloof vergaan, maar elke liefde bly staan. Hetsy liefde vir MY, of liefde vir die wêreld. Geloof is reg as jy eers jou hart opgewek het deur liefde. Sonder dat jy MY liefhet, het jy nie geloof nie. Hoe kan jy geloof hê in iemand wat jy nie liefhet nie?
Het MY net lief, klink MY stem op en dan sal jy geloof hê soos ‘n kindjie. Kindertjies het net lief en daarom glo hulle geheel en al en daarom is kinders deur MY geseën. Verstaan julle nou MY gelykenis? Liefde is die rots, as jy MY liefhet, sal geen stortreën jou laat val nie, want dan is jy in MY hand.
Amen.

# Hoofstuk 4

## *Die gelykenis van die talent; Lig, Lewe en Liefde*

*8.12.2007 om 5h00*

MY kinders, die gelykenis lui so; Daar was ‘n man met drie diensknegte. En die man het op reis gegaan. Hy het aan een dienskneg vyf talente gegee en aan die tweede dienskneg twee en aan die laaste dienskneg een. Toe het hy vertrek op sy reis. Die dienskneg wat die vyf ontvang het, was hardwerkend en hy het gewerk en nog vyf talente gemaak. Die dienskneg met die twee het ook daarin geslaag om dit te verdubbel. Maar die dienskneg met die een talent het dit begrawe.
Toe die meester van sy reis af teruggekom het, het hy hulle na hom geroep. Die dienskneg met die vyf talente het met ligte voete en ‘n jubelende hart gekom en tien talente aan sy meester teruggegee. Die dienskneg met die twee het nou die vier aan sy meester getoon, en die meester was baie tevrede met hulle.
Die dienskneg wat net een gehad het, het vir die meester gesê; ‘Ek weet dat u ‘n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, hier is u talent.’ Die meester was kwaad en het gesê dat hy ‘n lui dienskneg was en daarom nie die RYK sal ingaan nie.
Nou gee EK julle ook die uitleg. Die talent wat EK hier gegee het, is Lig wat ander die Liefde inlei en dus die Lewe gee. Almal wat jy in MY Naam bearbei het, sal jou talent wees en jou Lig sal vermeerder.
Die dienskneg wat die talent begrawe het, is die wat glo dat EK nie ‘n GOD van Liefde is nie. Hulle dink EK IS ‘n vreeslike harde persoon. Ook het hulle nie Liefde nie, anders sou hulle MY geken het. Sulke klipmense sal MY RYK nie ingaan voor hulle MY nie leer ken het nie.
Julle wat MY Lig versprei onder die mense, deur hulle van die Liefde te leer en daardeur hulle Lewe gee, sal in MY RYK ingelei word. Met min was julle getrou! EK sal julle baie gee om na om te sien.
Amen. MY geliefde kinders.
Amen.

# Hoofstuk 5

## *Die gelykenis van die saad;*

*Vrydag, 16 Februarie 2008 om 01:45*

**Markus 4:26** *"En HY het gesê; So is die Koninkryk van Elohim, soos wanneer 'n adamiet die saad in die Adamah (die adamiet se aarde) gooi;"*
Die Koninkryk van die hemele is in die woorde wat julle inneem, in julle harte wat deur die woorde tot Lewe gewek word.
*27 "en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot - hoe weet hyself nie."*
Julle beleef periodes waar julle baie na aan MY is en somtyds dryf julle deur julle eie wil weer verder van MY af weg. Maar altyd kom julle weer nader, soos nag en dag is julle tye.
*28 "Want vanself bring die Aarde die vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar."*
Die Aarde is jou siel en EK laat die koring uitspruit. Die halm is as jy begin ag gee op wat EK sê en geloof begin ontwikkel. Die aar is jou dade en jou bereidwilligheid, wat later 'n volle koringaar word, dit beteken jy word Een met MY om alles wat EK gedoen het, ook te kan doen en meer nog as dit.
*29" En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes klaar daar is."*
As jy wedergebore word, sal jou liggaam vergeestelik, omdat jou siel die volmaaktheid bereik het.
Amen.

# Hoofstuk 6

## *Die gelykenis van arbeid in die Wingerd;*

*Vrydag, 15 Februarie 2008 om 10:05*
MY kinders, julle ken almal die gelykenis van die arbeiders in die Wingerd. 'n Man het vroeg in die more uit gegaan en arbeiders vir sy wingerd gehuur. Hy het met hulle ooreengekom om hulle 'n penning per dag te betaal. Hulle het uitgegaan en in sy wingerd gewerk.
Weer gaan hy die derde uur uit en sien nog mense daar rondstaan en hy stuur hulle ook in sy wingerd in om te werk en betaal hulle ook 'n penning. Die sesde en negende uur het hy dieselfde gedoen. En omtrent die elfde uur het hy weer gegaan en nog mense in die wingerd ingestuur.
Toe die tyd daar is, laat roep hy al die arbeiders en gee hulle hulle loon. Die wat die heeldag gewerk het, is ontevrede toe die wat minder as hulle gewerk het, dieselfde loon kry. Die eienaar hoor hulle en vra, 'Waarom is julle nou ontevrede, ek het julle die loon gegee wat ons oor ooreengekom het.' Hulle sê vir die eienaar; 'Die ander het minder geswoeg as ons, ons het die heeldag die las in die hitte gedra'. Die eienaar sê; 'Ek het julle betaal wat ek gesê het ek sal, wat gaan dit julle aan as ek die wat minder gewerk het as julle, dieselfde loon wil gee? Daarom sal die wat laaste is eerste wees, en baie van die wat eerste is, sal laaste wees.'
MY kinders, in alle tye was daar mense wat bereid was om werk in MY Wingerd te doen. Almal het EK die Ewige Lewe as loon beloof. Julle wat in die eindtyd gewek word, gaan ook dieselfde loon kry as die wat lankal gewek was. Ook julle wat pas die woord begin hoor en neerpen het, sal dieselfde loon ontvang, as die wat al maande vir MY skryf.
Wees nie jaloers op die ander nie, MY kleintjies, sodat julle nie dalk laaste kom nie. Julle wat langer skryf, moenie jaloers word op die wat nou begin het nie, want die een wat MY werk blymoedig doen, met 'n vrolike hart, sal eerste met MY Een word.
Amen.